

4 Julie

Jy mag nie skei nie!?

Skrifgedeelte: Markus 10:1-12
Fokusgedeelte: Markus 10:9

Wanneer 'n man en 'n vrou trou, dan is dit God wat hulle saamvoeg om een te word. So heg en innig en intiem is 'n huweliksluiting. Wanneer 'n man en vrou in die huwelik saamgevoeg word deur God, is dit vir die res van hulle lewens. Dit is permanent. Dit sê Jesus self baie duidelik in vers 9.

Maar ons weet in die praktyk van elke dag werk dit anders. Egskeidings is aan die orde van die dag. Dit was so in Moses se tyd, dit was so in Jesus se tyd en vandag is dit nie anders nie. In Moses se tyd moes God riglyne gee om die egskeidings te reguleer, want mense het te maklik geskei. Mense het hierdie riglyne verkeerdelik gesien as dat God egskeidings goedkeur. In Jesus se tyd het die Fariseërs mense toegelaat om oor nietighede te skei, solank hulle net die regte prosedure gevolg het. 'n Man kon byvoorbeeld van sy vrou skei as sy die kos verbrand het, of as hy 'n mooier vrou raakgeloop het, solank hy net die regte vorms ingevul het. As die papierwerk reg was, was die Fariseërs tevrede!

Jesus draai hierdie onsinnigheid op sy kop met: "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."

Dit geld ook vir ons, want ons leef steeds in 'n tyd waarin getroudes te maklik en oor die geringste dingetjie skei, en die samelewing aanvaar dit, solank die papierwerk net reg is! Te veel word daar op egskeiding besluit eerder as op bekering.

As getroude moet jy so optree teenoor jou ander helfte dat hy of sy vir altyd met jou getroud wil wees!

Sing: Skrifberyming 26 (9-1):8, 11

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)